

**Publication:** Rapport Tweede Uitgawe - Sake

**Page:** 13

**Title:** Beurtkrag jaag tjips se prys op

**Publish Date:** 02 October 2022

**AVE:** 219569.44

**Author:** Riana de Lange

# Beurtkrag jaag tjips se prys op

**Aartappels teen Kersfees veel duurder omdat boere gou moet oes**

Riana de Lange

**B**eurtkrag is besig om jou lippleker vars aartappels en slaptjips in te haal.

Soos Eskom se beurtkrag nou voortduur, gaan verbruikers teen Kersfees veel meer opdok vir die gewilde style sel.

Kragonderbrekings belemmer die noodsaklike besproeling van aartappels en aartappelboere moet noodgevange teen 'n vinniger tempo oes om die goeie gehalte van die aartappels te behou, verduidelik kenners.

Nico Wagner, 'n aartappelprodusent van Wilnick-boerdery in Limpopo, sê omdat boere hul oesprakte moet aanpas om vir beurtkrag vooriscing te maak, word die oes nou vinniger uitgehaal. Daar is dus tydelik 'n groter oes wat gouer beemark word, maar dit kan later die deurlopende levering van aartappels raak. As dit gebeur voorsien hy dat aartappels teen Desember duurder kan wees.

Suid-Afrika produseer 2,6 miljoen ton aartappels per jaar op 52 000 hektar in 16 streke oor die land heen. Suid-Afrika is die enigste land waar verbruikers elke dag van die jaar vars aartappels kan kry, dankzij die verskilende streke wat deurenlyk produseer, sê Wagner.

Suid-Afrika se jaarlikse per capita-verbruik is net meer as 43 kg, volgens syfers van die World Atlas & Trade Map.

Volgens Wagner is Limpopo, een van die grootste aartappelproduksiegebiede in die land, nou in sy belangrikste produserende tyd. Omdat aartappels baie gevoelig is vir te min vog, be-

sproei aartappelboere in die warmer weer sowat 19 uur in 'n 24-uur-tydperk.

Hy sê daar is tans meer aartappels op die mark vergeleke met die ooreenstemmende tyd in vorige jare.

In 'n markverslag vir die week van 16 September beaam Absa Agri Business die sterk aanbod van aartappels uit Limpopo, maar sê beurtkrag bemoeklik besproeing en die harde grond maak dit moeilik om te oes.

Absa waarsku die gebruik van kragoewkers verhoog koste vir produsente en beteken dat laer wins.

Wagner verduidelik tydens fase 4 tot 6 kos dit 'n aartappelboer R60 000 aan diesel in 'n 24-uur-tydperk om 'n produksie-eenheid van 100 hektar aan die gang te hou.

"Dis onvolhoubaar vir elke aartappelboer in die land."

Dr. Marlene Louw, senior landbou-ekonoem van Absa Agri Business, sê die vraag na aartappels op die varsproduktemarkete was in die week van 16 September 16% laer as die vorige week.

Dit is deels toe te skryf aan Namibië en Botswana wat die invoer van uie, tatoeties en aartappels beperk om hul jong bedrywe in die produkte te beskerm.

Louw sê syfers van die varsproduktemarkete toon ook verbruikers is onder druk. Groot groentewinkel-, verbruikers en informele handelaars koop net die nodigste, al is die produkte op die varsproduktemarkete van uitstekende gehalte.

Sy sê verbruikers sukkel weens hoër brandstofprys enrente-koste. Die feit dat die maatskaplike armoedeverligtingstoelaag van R350 per maand aan kwesbare huishoudings vir 'n paar maande nie betaal is nie, het ook verkoope geknoei.

Al is prys laer, kan aartappels besku word as 'n stylsel wat meer energie verg om daar te maak en dus nie so gerieflik soos byvoorbeeld brood as stylsel nie, sê Louw.

Tog is aartappels nou goedkooper as 'n jaar gelede.

Data van die Pietermaritzburg Economic Justice & Dignity

**Smaakklike (duurder) ete:** Eskom se aanhouende beurtkrag wat besproeing raak, dwing aartappelboere om aartappels vinniger uit die grond te haal. Volgens Nico Wagner van Wilnick-boerdery in Limpopo is daar nou baie voorraad, maar dit kan beteken oor 'n paar maande is daar nie 'n deurlopende konstante levering nie, wat verbruikersprysie kan verhoog.

FOTO: ISTOCK



Tydens beurtkrag kan aartappelboere nie besproei nie en die plant kan skade kry, soos hierdie een.



So lyk 'n aartappeiplant wat nie afhanglik is van Eskom nie.

I FOTOS: WILNICK-BOERDERY

“

**Twee aartappels lever maklik 'n volle maaltyd - teen net R4 is dit goedkoop, gesonde kos.**

Group, wat kosprysie in verskillende streke in die land monitor, toon in Augustus het 'n 10 kg-sakkie aartappels R72,53 gekos - 11% goedkoper as in Augustus 2021.

Wagner sê verbruikers moet

besef hoeveel waarde vir geld aartappels bied. Die produsente kry R3 tot R5 per kilogram, terwyl die verbruiker sowat R8 per kilogram vir vars aartappels betaal. Vir dié bedrag kry jy vier groot tot mediumgrootte knolle.

"Twee aartappels lever maklik 'n volle maaltyd - teen net R4 is dit goedkoop, gesonde kos."

Volgens Louw is beurtkrag 'n bekommernis vir die hele landbousektor, want dit raak nie net besproeling nie, maar ook verpakking, verspreiding, die koelketting by markte en markstelsels wat staan.

Suid-Afrika het sedert 6 September SA het oorlangs ook kommer uitgespreek oor beurtkrag en hoe dit onder meer besproeling en waterbehandeling in die landbousektor raak.

Ná 'n kragonderbreking neem

dit tot 'n uur om besproeingstelsels weer te aktiveer, wat tot tydverlies lei en bykomende arbeidskoste vir boere mebring. Kragonderbrekings ontwrig ook verkoeling en verpakking, wat risiko's inhou vir voedselgehalte, het Christo van der Rhee, uitvoerende direkteur, gesê.

"Die grootste bedreiging is egter vir die land se voedselsekerheid. As oeste weens 'n gebrek aan besproeing misluk, of boere

## Ekonometiese bydrae

Aartappels maak 45% van die totale groentemandjie in die land uit en dra nagenoeg R12 miljard per jaar by tot Suid-Afrika se ekonomie.

China is die wêreld se grootste aartappelprodusent met 22% van totale produksie, terwyl Afrika 7% lewer.

Suid-Afrika is die derde grootste aartappelprodusent in Afrika en lewer 1% van die vasteland se totale aartappeloes. (Bron: Aartappels SA)

plant minder aan uit vrees vir verliese, sal ons die gevolge in die toekomservaar, het hy met verwysing na spesifieke somgerwasse gesê.

Volgens Wagner is daar produsente wat na hernieubare energiebronne wil skif om meer onafhanklik van Eskom te wees, maar dit verg 'n groot kapitaaluitleg.

Louw sê in die omgewing met hoë rentekoers is finansiering hieroor duur en maak dit moeilik vir produsente.

Wagner sê buiten beurtkrag se invloed op markaktiwiteit is van die land se varsproduktemarkete in 'n baie slechte toestand wat betrek higiene, verouerde infrastruktuur, bitter min herstel- en instandhoudingswerk, gebreklike tegnologie, en te min kragoewwers om produkte koel te hou.

